

# Afsondering as Bybelse opdrag ter stigting van God se Huis in ons midde.

Flip Swanepoel

Goeiedag Volksgenote

Die Bybelse opdrag om as afgesonderde volk ons roeping te vervul, kan net geskied as dit gepaard gaan met die stigting van die Almagtige God se Huis in ons midde.

In die lig hiervan is daar vier sake wat ek vandag met u wil deel, nl.

1. Wat word bedoel met die stigting van God se Huis?
2. Wat beteken afsondering?
3. Waar in die Bybel word opdrag gegee om in afsondering te leef m.b.t. ons hedendaagse bestaan?
4. Het Afsondering as Bybelse opdrag ter stigting van God se Huis in ons midde enige toepassing binne ons hedendaagse bestaan?

Die eerste saak is dan:

## 1. Wat word bedoel met die stigting van God se Huis;

Toe Ahía vir Jeróbeam die seun van Nebat in die veld raakloop, skeur hy sy nuwe mantel [simbolies die nuwe Huis van Dawid] in 12 stukke en gee 10 stukke aan Jeróbeam en sê die volgende:

### **1Kon.11:31-40**

31 Neem vir jou tien stukke, want so spreek die HERE, die God van Israel: Kyk, Ek gaan die koninkryk uit die hand van Salomo afskeur en aan jou die tien stamme gee;

32 maar die een stam sal syne wees ter wille van my kneg Dawid en ter wille van Jerusalem, die stad wat Ek verkies het uit al die stamme van Israel—

33 omdat hulle My verlaat en hul neergebuig het voor Astaréte, die godin van die Sidoniërs, voor Kamos, die god van die Moabiete, en voor Milkom, die god van die kinders van Ammon, **en nie gewandel het in my weë deur te doen wat reg is in my oë, naamlik my insettinge en my verordeninge, soos sy vader Dawid nie.**

34 Ek sal ewenwel die koningskap as geheel nie uit sy hand neem nie, maar Ek sal hom as vors aanstel al die dae van sy lewe ter wille van my kneg Dawid wat Ek

verkies het, wat my gebooie en my insettinge gehou het.

35 Maar uit die hand van sy seun sal Ek die koningskap neem en dit aan jou gee, die tien stamme;

36 en aan sy seun sal Ek een stam gee, sodat my kneg Dawid altyd 'n lamp kan hê voor my aangesig in Jerusalem, die stad wat Ek vir My verkies het om my Naam daar te vestig;

**37 en Ek sal jou neem, en jy sal regeer oor alles wat jou siel begeer, en jy sal koning word oor Israel.**

**38 En as jy luister na alles wat Ek jou beveel en wandel in my weë en doen wat reg is in my oë deur my insettinge en my gebooie te hou, soos my kneg Dawid gedoen het, dan sal Ek met jou wees en vir jou 'n bestendige huis stig, soos Ek vir Dawid gestig het, en Israel aan jou gee.**

Die bedoeling met die stigting van 'n huis het dus betrekking op die totstandkoming van 'n regering waardeur God – die Almagtige regeer. Binne hedendaagse terminologie staan dit as 'nTeokrasie bekend.

Die stigting van hierdie Huis/Teokrasie en die bestending daarvan is voorwaardelik.

- 1) Eerstens moet daar geluister word na alles wat Vader JHWH beveel het;
- 2) Dan moet daardie bevel toegepas word deur Sy insettinge en Geboorte te onderhou soos koning Dawid gedoen het.

**Koning Dawid se koninkryk is regeer deur ons Vader wat in die hemel woon.** Vader het die wette van daardie koninkryk aan Moses bekend gemaak en daardie wette het gegeld vir al die inwoners van die land.

Vader het ook die volgende aan Moses gesê aangaande toekomstige koninkryke:

**Deut.17:14-20**

14 As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee, en dit in besit neem en daarin woon en dan sê: Ek wil 'n koning oor my aanstel soos al die nasies wat rondom my is,

15 dan moet jy sekerlik 'n koning oor jou aanstel wat die HERE jou God sal verkies; uit die midde van jou broers moet jy 'n koning oor jou aanstel; jy mag geen uitlander, wat jou broer nie is nie, oor jou aanstel nie.

16 Hy mag net nie vir hom baie perde aanskaf nie, en hy mag die volk nie na Egipte teruglei om baie perde aan te skaf nie, aangesien die HERE vir julle gesê het: Julle mag nooit meer teruggaan op hierdie pad nie.

17 Ook mag hy nie baie vroue aanskaf nie, dat sy hart nie afwyk nie; hy mag ook

vir hom nie uitermate baie silwer en goud aanskaf nie.

**18 En as hy op die troon van sy koninkryk sit, moet hy vir hom 'n afskrif van hierdie wet in 'n boek skrywe, uit dié wat voor die Levitiese priesters lê;**

**19 en dit moet by hom wees, en hy moet al die dae van sy lewe daarin lees, dat hy kan leer om die HERE sy God te vrees deur al die woorde van hierdie wet en hierdie insettinge te hou, om dit te doen;**

20 sodat sy hart hom nie verhef oor sy broers nie en hy van die gebod nie regs of links afwyk nie; dat hy die dae kan verleng in sy koninkryk, hy en sy seuns, onder Israel.

Hieruit is dit duidelik dat die koning kennis van die wet moes dra en sy koninkryk daarvolgens moes regeer.

**Maar hoe het ons hemelse Vader sorg gedra dat Sy wette toegepas word en dat Sy wil geskied?**

- In Moses se geval het JHWH direk met hom gespreek. Op 'n stadium het Moses onder druk hom tot JHWH gewend en gesê dat hy nie in staat is om oor Israel te regeer nie. Vader het toe van Sy Gees wat op Moses was op 70 uitgesoekte manne uitgestort sodat hulle Moses kon bystaan [Num.11]. Moses het telkens na die tent van samekoms buite die laer gegaan om JHWH te raadpleeg en van aangesig tot aangesig met Hom gespreek.
- Toe dit by die verdeling van die Beloofde Land gekom het, is die land in die dae van Josua d.m.v. die lotsbeslissing verdeel volgens die voorskrifte wat vanaf ons hemelse Vader af gekom het. Dit staan beskrywe in die Boek Josua hoofstukke 15-19. Daardie hoofstukke sluit as volg af:

## Jos 19:51

Dit is die erfdele wat Eleásar, die priester, en Josua, die seun van Nun, en die familiehoofde aan die stamme van die kinders van Israel as erfenis uitgedeel het

**deur die lot**, in Silo, voor die aangesig van die HERE, by die ingang van die tent van samekoms; en hulle het die verdeling van die land beëindig.

Die lot was dus ook 'n metode om Vader se wil te wete te kom. Selfs oorlogvoering is deur Vader JHWH [die HERE] beheer. Koning Dawid het Vader geraadpleeg of hy in oorlog moes uittrek. Ons lees daarvan in:

### 1Sam.23:1-4

1 Intussen is aan Dawid meegedeel en gesê: Kyk, die Filistyne veg teen Kehila, en hulle plunder die dorsvloere.

2 Toe **raadpleeg** Dawid die HERE en vra: Sal ek gaan en daardie Filistyne verslaan? En die HERE sê vir Dawid: Gaan en verslaan die Filistyne en verlos Kehila.

3 Maar die manne van Dawid sê vir hom: Kyk, hier in Juda is ons al bevrees, hoeveel te meer dan as ons na Kehila trek teen die slagordes van die Filistyne?

4 Toe **raadpleeg** Dawid die HERE nog weer, en die HERE het hom geantwoord en gesê: Maak klaar, trek af na Kehila, want Ek gee die Filistyne in jou hand.

5 Daarom het Dawid met sy manne na Kehila getrek en teen die Filistyne geveg en hulle vee weggedrywe en 'n groot slag onder hulle geslaan. So het Dawid dan die inwoners van Kehila verlos.

6 (By die vlug van Abjatar, die seun van Ahiméleg, na Dawid, het hy na Kehila afgekom met die **skouerkleed** by hom.)

7 Daarop kry Saul berig dat Dawid in Kehila gekom het, en Saul sê: God het hom in my hand oorgelewer, want hy het homself opgesluit deurdat hy in 'n stad met poorte en grendels ingegaan het.

8 Daarom het Saul al die manskappe vir die geveg opgeroep om af te trek na Kehila ten einde Dawid en sy manne in te sluit.

9 Toe Dawid gewaar dat Saul onheil teen hom beraam, sê hy aan die priester Abjatar: Bring die **skouerkleed** nader.

10 En Dawid sê: HERE, God van Israel, u kneg het verseker gehoor dat Saul na Kehila wil trek om die stad om my ontwil te verwoes.

In hierdie geval wil dit voorkom of Dawid Vader JHWH geraadpleeg sonder die teenwoordigheid van die priester en later met die teenwoordigheid van die priester en die skouerkleed.

Die Stigting van die Huis waarvan Jerobeam koning sou word, en die bestendinging daarvan, soos wat die geval was binne die regering van koning Dawid, was dus onlosmaaklik deel van die onderhouding van die wette en die monitering daarvan deur ons hemelse Vader in Sy volheid. Sou die volk afwyk daarvan, sou hulle die seën verbeur en die vloek ter tugtiging oor hulself bring. Let op dat die slegte tye nie deur die nasies rondom veroorsaak is nie, maar deur Israel self weens hul afvalligheid van die wette. 'n Bestendige Volkshuishouding is derhalwe 'n volkshuishouding wat getuig van gehoorsaamheid aan Vader se wette. 'n Volkshuishouding wat tot niet gaan getuig van afvalligheid.

Die onderhouding van die Wet van ons Hemelse Vader is dus van uiterste belang.

Samevattend kan dus gesê word dat die **Stigting van God se Huis** neerkom op die totstandkoming van 'n Teokratiese regering, wat neerkom op die onderhouding van die voorgeskrewe wette en die raadpleging van Vader JHWH d.m.v. die lot. Die werking van die lot is die sigbare werking van die Gees van JHWH:

### **Spreeke 16:33**

In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die HERE.

## 2 Wat beteken afsondering

Die tweede saak wat ek met u moet deel binne die gesprek rondom Afsondering as Bybelse opdrag ter stigting van God se Huis in ons midde, is wat afsondering binne Bybelse konteks beteken.

Afsondering is reeds ter sprake tydens die skepping toe die Skepper van alle sienlike en onsienlike dinge skeiding gemaak tussen Lig en duisternis, waters en waters, dag en nag, ens.

Hy het ook vir Hom een volk uitverkies tussen al die volke op aarde:

**Deut.7:6** Want jy is 'n volk heilig [H6918] aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God **uitverkies om uit**

**al die volke wat op die aarde is**, sy eiendomsvolk te wees.

Hiermee die definisie van heilig:

**H6918** קדוש קדוש qâdôsh qâdôsh; *kaw-doshe'*, *kaw-doshe'*

From [H6942](#); *sacred* (ceremonially or morally); (as noun) *God* (by eminence), an *angel*, a *saint*, a *sanctuary*: - holy (One), saint.

Die begrip heilig volk in bogenoemde aanhaling het betrekking op 'n gewyde volk, 'n volk met 'n spesifieke roeping. Hierdie roeping is om Hom te dien en te verheerlik soos wat opgeteken is in baie plekke in die Skrifte.

**Deut.28:9** Die HERE sal jou vir Hom as **heilige** [H6918] volk bevestig soos Hy jou dit gesweer het,

**as jy die gebooie van die HERE jou God hou en in sy weë wandel.**

Hy het ook grense daar gestel sodat die volk wat Hy afgesonder het, afgesonderd kan bly:

**Deut.32:8** Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar

geskei het, **het Hy die grense van die volke vasgestel** volgens die getal van die kinders van Israel.

**Deut. 33:28** So het Israel dan veilig gaan woon, die bron van Jakob in **afsondering [H910]**, in 'n land van

koring en mos; ja, sy hemel laat dou afdrup.

Die begrip afsondering in Deut.33:28 hierbo het betrekking op die wyse waarop Israel bestem was om te gaan woon - afgesonderd van die ander nasies. Die definisie daarvan is as volg:

**H910** בדר בדר bādād *baw-dawd'*

From [H909](#); *separate*; adverbially *separately*: - alone, desolate, only, solitary.

Die begrip "separate" in hierdie definisie herinner aan die woord sepratis. 'n Sepratis is 'n voorstander van afskeiding. Binne volkseie terminologie kom dit neer op APARTHEID. Israel moes apart van die ander nasies woon. Ons hemelse Vader het dus 'n sepratistiese beleid verordineer vir Sy volk – 'n apartheids beleid.

Dit word as volg deur Bileam verwoord toe hy Israel moes vervloek in opdrag van Balak, die koning van Moab.

**Num 23:9** Want van die top van die rotse af sien ek hom, en van die heuwels af aanskou ek hom. Kyk, 'n

volk wat afgesonderd woon en hom nie tot die nasies reken nie.

Die volgende aanhaling vat dit eintlik goed saam:

**Lev 20:24-26**

24 En Ek het vir julle gesê: Julle sal hulle land in besit neem, en Ek sal dit aan julle as besitting gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning. Ek is die HERE julle God wat julle van die volke **afgesonder [H914]** het.

25 Daarom moet julle 'n onderskeid maak tussen die rein en onrein diere, en tussen die onrein en rein

voëls; en maak julleself nie 'n gruwel deur diere of deur voëls of deur enigiets wat op die aarde roer nie wat Ek vir julle **afgesonder [H914]** het deur dit onrein te verklaar.

26 En julle moet vir My **heilig [H6918]** wees, want Ek, die HERE, is **heilig [H6918]**; en Ek het julle van die volke **afgesonder [H914]** om myne te wees.

Die definisie vir afgesonder [H914] is as volg:

**H914** בָּדַל *bâdal baw-dal'*

A primitive root; to *divide* (in various senses literally or figuratively, *separate, distinguish, differ, select*, etc.): - (make, put) difference, divide (asunder), (make) separate (self, -ation), sever (out), X utterly.

- Hierdie definisie verduidelik wat presies in bostaande aanhaling bedoel word. Israel word van die ander volke onderskei, en deur afskeiding afgesonder – sepratisme.
- Onderskeid moet ook tussen die rein en onrein diere en voëls getref word en daarom moet Israel hul daarvan weerhou en 'n afsonderlike dieet volg. Indien hulle sou oortree sou hul gruwelik voor vader gewees het.
- Dan sê Vader dat Israel moet vir Hom heilig wees want Hy is heilig. Hierdie heilig beteken gewyd. As hul 'n afgesonderde lewe lei en hul weerhou van onrein voedsel en van die ander nasies, sal hulle 'n gewyde / geheiligde volk vir Hom wees.

Die apostel Petrus vat dit dan alles baie mooi saam as hy die volgende sê:

**1Pe 2:9** Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry,

om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,

**Afsondering beteken dus om apart en gewyd te wees.** 'n Afgesonderde volk is 'n aparte volk wat die wette van Vader JHWH onderhou.

### 3 Waar in die Bybel word opdrag gegee om in afsondering te leef m.b.t. ons hedendaagse bestaan?

Die derde saak wat ek met u moet deel binne die gesprek rondom Afsondering as Bybelse opdrag ter stigting van God se Huis in ons midde, is waar in die Bybel word opdrag gegee dat ons ook binne hierdie Nuwe Testamentiese tydvak afgesonderd moet leef.

Eerstens verwoord Paulus hierdie aspek uitstekend in:

#### **2Kor.6:14-7:1**

14 Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?

15 En watter ooreenstemming het Christus met Béliel, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige?

16 Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God spreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle

wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

17 Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;

18 en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige.

7:1 Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.

Hierdie gedeelte spreek vanself. Hulle waarmee mens nie aan dieselfde juk mag trek nie staan in verband met:

- die ongeregtigheid,
- die duisternis
- Béliel
- ongeloof
- tempel van afgode
- onreinheid

Die doel van afsondering is om rein te wees voor die Almagtige God van hemel en aarde. Om gewyd te wees; om heilig te wees. As tempels van die Lewende God is ons verplig om nie met die gruwelikes aan dieselfde juk te trek nie. As ons dit nie doen nie, is ons onrein en kom ons nie die voorwaarde na om as kinders aangeneem te word nie. Dan kan ons nie vir Hom 'n volk wees nie en kan Hy nie vir ons ons God wees nie. Paulus verwys na die voorwaardes waaraan ons moet voldoen om as kinders bevind te word. Te oordeel aan wat vandag aan die gang is en die strafgerig waaronder ons verkeer het ons meer as genoeg stof tot nadenke.

Hoofstuk 7 vers 1 kom dan met die pleidooi:

7:1 Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.

Ja laat ons ons van alle besoedeling van die vlees sowel as die gees reinig, en laat ons die heiligmaking met vrees en bewing volbring.

Vleeslike heiligmaking het tog te make met die fisiese afsondering as volk en die geestelike heiligmaking het te make met die onderhouding van die gebooe. Dit sluit daarom volkome aan by die voorafgaande twee onderwerpe wat reeds behandel is. Om God se huis in ons midde te stig beteken dat ons onder die huidige bestel uit sal gaan om ons sodoende te reinig van die onreinheid daarvan en dan in aanmerking te kom om deur God aangeneem te word.

17 Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;

18 en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige.

Hierdie opdrag van Vader JHWH, nl. om onder die gruwelikes uit te gaan sluit weer aan by:

**Op.18:1-5**

1 En ná hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid.

:2 En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls,

:3 omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van

haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid.

:4 En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie.

:5 Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou.

Om gevrywaar te word van gemeenskap met die sondes van die Hoer van Babilon, moet Sy volk Babilon verlaat.

Die opdrag om onder hulle uit te gaan en jouself af te sonder ter aanneming as seuns en dogters waarvan Paulus praat, en die opdrag van JaHHoWShuAh om Babilon te verlaat is goed en wel, maar hoe gemaak as ons dit vandag prakties wil toepas?

Daar is geen plek waarvan ek op hierdie stadium weet waarheen ons kan gaan sou ons gehoorsaam aan hierdie opdragte wou wees.

Vader sou ook nie hierdie opdrag gee as Hy nie iets in die vooruitsig vir ons gestel het nie.

Ter beantwoording van die vraag waar in die Bybel opdrag gegee word om in afsondering te leef m.b.t. ons hedendaagse bestaan, verskaf 1Kor.6:14-7:1 en Op.18:1-5 voldoende gronde daarvoor.
---

Dit bring my by die laaste item wat ek met u wil deel binne die gesprek wat handel oor Afsondering as Bybelse opdrag ter stigting van God se Huis in ons midde.

#### **4 Het Afsondering as Bybelse opdrag ter stigting van God se Huis in ons midde enige toepassing binne ons hedendaagse bestaan.**

Die vraag wat ons nou moet beantwoord is: Is daar nog plek vir die stigting van 'n Huis vir JHWH in ons midde?

Vir die afgelope 174 jaar herdenk hierdie volk tot 'n mindere of meerdere mate die Geloofte van Bloedrivier.

Jammerlik is die oorspronklike bewoording van die Geloofte oor die jare verander en is die huidige herdenker daarvan salig onbewus van dit wat werklik beloop is en uiteindelik ooreengekom is.

Die kontraktuele aanbod wat Andries Pretorius aan sy kommando voorgehou het en deur hulle aanvaar is, is as volg:

“dat hy aan den Almagtigen eene gelofte doen wilde (indien allen wel wilden),—“om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen”— en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aantekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden. [*De Zuid-Afrikaan' Vrydag den 14 Juny 1839; Die outentieke weergawe van die Bloedrivier Geloofte (1838) – Bylae 1*]

Die aanbod is in 'n gebed deur Sarel Cilliers voorgedra en die geskiedenis getuig daarvan die aanbod tot kontrak oorgegaan het. Die oorwinning is behaal.

Soos reeds aangedui, het die stigting van 'n Huis binne Bybelse verband te make met die totstandkoming van 'n Skifgefundeerde regering. Binne ons hedendaagse terminologie kom dit neer op die totstandbrenging van 'n Teokrasie.

Hierdie aspek is die enigste wat nog nie afgehandel is nie. Daar word byna algemeen aanvaar dat die bou van die sogenaamde Gelooftekerk te Pietermaritzburg die stigtingsklousule van die huis afgehandel het. Dit het d.m.v. argivale ondersoek aan die lig gekom dat dit nooit die bedoeling van die Voortrekkers was om 'n kerk te bou ter vervulling van die gelofte nie. Hulle wou bloot 'n plek van aanbidding oprig soos hulle aan gewoon was. [Sien: *Die vervulling van die Bloedrivier Geloofte – Bylae 2*]

Dit beteken dat ons as volk nalatig is m.b.t. die betaal van die gelofte in soverre dit die stigting van die Huis van Bloedrivier aanbetref. Ons hemelse Vader vereis van ons om te betaal wat ons beloop het en by versuim daarvan kan ons verwag dat die werke van ons hande verwoes sal word – Deut.21:21-23 en Prediker 5:3-5.

As ons om ons rondkyk en die vervalde toestand waarin ons land en volk verkeer evalueer, kan ons dit toeskryf aan die hand van dit wat in die Skrifte opgeteken is. Dan kan die wanbetaling van ons geloftes, waarvan daar vier is, 'n besliste rol speel in die verval. Deur dit nie te betaal nie berooft ons ons Vader van die eer wat Hom toekom – Ps.50:15

Toe Brittanje die Voortrekker Republiek van Natal beset het, 4 jaar na Bloedrivier, het hulle weer getrek en burgers van die ZAR en die Vrystaat geword. Byne 40 jaar later annekseer Brittanje die ZAR en die OVS ook.

Sou die Godvresende gereformeerde Voortrekker se vryheidsdrang van geringe betekenis wees in die oë van die Allerhoogste God met wie hulle die Geloofte gesluit het?

Andries Pretorius skryf in 'n brief aan ds. Van der Lingen kort voor sy vertrek uit die kolonie – 23 Julie 1838, die volgende:



*“Maar soos dese van den Almagtige is, soo het syne wyse wil en welbehaagen is soo sullen wy daar tot een volk worden en ter syner ere leven.”* [Bl.27. Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849, deur Dr. H.S. Pretorius, D.W. Kruger en Dr. C Beyers, Staatsargief Pretoria, 1937.

Sou hulle in hul ontvlugting aan Britse imperialisme toegelaat word om ‘n groot getal Zoeloes te dood in ‘n oorlog, net om kortstondige vryheid van 4 jaar te beleef? ‘n Tyd waarin hul nie eers die eerste vrugte van ‘n vrugteboom sou kon smaak nie?

Was daar nie dalk ‘n ban in hul midde wat hul voorspoed telkens voor hul neuse weggeraap het nie?

Toe die Voortrekkerseun, Paul Kruger tot man opgegroeï het, het hy weens sy geloofsagtergrond tot die besef gekom dat die oorsaak van die Natalse Voortrekkers se teenspoed geleë is in hul wanbetaling van die 1838 Geloofte. Hul sondeskuld het hul agtervolg en ook die ZAR en die OVS onder die strafgerig van Vader JHWH gebring. Op sy aandrang het hulle toe tydens die Wonderfontein volksvergadering van 1879 die Geloofte van Bloedrivier vir die 1ste maal in 41 jaar binne volksverband herdenk. Tydens die daaropvolgende volksvergadering te Paardekraal herdenk hulle die Geloofte vir die 2de maal in 42 jaar, waartydens hulle beloof om: sou die HERE hul onafhanklikheid aan hulle terug gee, hulle elke jaar daar bymekaar sou kom en die Geloofte betaal. Op 16 Desember 1880, tydens daardie volksvergadering te Paardekraal en die verering van JHWH deur die gelofte te betaal, begin die 1ste oorlog teen Brittanje en oorwin hulle die Britse magte binne 11 weke en vind die finale veldslag plaas hier by die berg Majuba. waarna hulle alle eer aan ons hemelse Vader gee en soos beloof die daaropvolgende 16 Desember by Paardekraal bymekaar kom en die Geloofte betaal.

Hierdie aangrypende verhaal herinner aan die volgende Skrif:

**Ps.81:8-17**

8 In die nood het jy geroep, en Ek het jou uitgered; Ek het jou geantwoord in die skuilplek van die donder; Ek het jou getoets by die waters van Mériba. Sela.

9 Hoor, my volk, en Ek wil jou dit inskerp; Israel, as jy tog na My wou luister!

10 Daar mag by jou geen vreemde god wees nie, en voor ‘n uitlandse god mag jy jou nie neerbuig nie.

11 Ek is die HERE jou God wat jou laat optrek het uit Egipteland; maak jou mond wyd oop, dat Ek dit kan vul.

12 Maar my volk het na my stem nie geluister nie, en Israel was vir My nie gewillig nie.

13 Toe het Ek hulle oorgegee aan die verhardheid van hul hart, dat hulle in hul eie planne kon wandel.

14 Ag, as my volk maar na My wou luister, Israel in my weë wou wandel!

15 Gou sou Ek hul vyande onderwerp en my hand teen hul teëstanders uitstrek.

16 Die haters van die HERE sou kruipende na Hom toe kom; maar hulle tyd sou vir ewig wees.

17 Ja, Hy sou hulle voed met die beste van die koring; en met heuning uit die rots sou Ek jou versadig.

Ons hemelse Vader wag op ons bekering. Hy wag op ons terugkeer na Hom. Hy vereis van ons om ons geloftes te betaal, die Geloofte van Van Riebeeck, van Bloedrivier, van Paardekraal en die dag van Verootmoediging van Majuba. Hy verwag ook van ons om die wet te onderhou, om nie te verbaster nie en om nie afgodsoffers te eet nie. Hy verwag van ons om Sy wet te onderhou. As ons dit nie doen nie kan ons verseker wees van voortgesette strafgerig soos opgeteken in: Deut. 28-29, Deut.23:21-23 en Pred.5:3-5. Dit wat ons tans beleef.

JaHHoWShuAh [Jesus] sê die volgende m.b.t. hierdie wet:

**Mat 5:17-20**

17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. **Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.**

18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, **sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.**

19 **Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooië breek en die mense**

**só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.**

20 Want Ek sê vir julle dat, as julle **geregtigheid nie oorfloediger** is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, **julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.**

Hier staan dit baie duidelik dat sonder wetsonderhouding dit onmoontlik is om toegang tot die hemelse koninkryk te verkry.

Maar daar is mense wat leer dat dit onmoontlik is om Vader se Wet te onderhou, en in die proses Paulus se briewe aangewend om dit te bewys? Dit is egter nie die waarheid nie. In 1Kon.11 noem Vader self koning Dawid as voorbeeld van iemand vir wie Hy 'n bestendige huis gestig het weens sy gehoorsaamheid aan die wet. In Deut.30 word Israel se toekoms in die vooruitsig gestel tot en met die wederkoms van JaHHoWShuAh. Daarvolgens sal hulle 'n geseënde tyd beleef tydens hul verblyf in die Beloofde Land gemeet aan hul gehoorsaamheid aan die Wet. Daar staan in hoofstukke 28 en 29 dat as hulle die gebooië onderhou en doen hulle die seën sal beleef, wat ook gebeur het.

**Deut.28:1**

As jy dan goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooië wat ek jou vandag beveel, dan sal die HERE jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde.

2 En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die HERE jou God.

Selfs Sagaria en Elizabeth was onberispelik volgens die wet.

**Luk 1:5**

Daar was in die dae van Herodes, koning van Judéa, 'n sekere priester met die naam van Sagaria, uit die afdeling van Abía; en sy vrou was uit die dogters van Aäron, en haar naam was Elisabet.

Luk 1:6 En hulle was altwee regverdig voor God en het in al die gebooië en regte van die Here onberispelik gewandel.

Vervolgens is toegang tot die koninkryk van die hemele onderhewig aan die noudesette onderhouding van die wette. Ek herhaal JaHHoWShuAh se woorde:

**Mat.5:20** Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorfloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie,

julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.

Die Skrifgeleerdes en die Fariseërs het nougeset die wette van die Talmud onderhou, maar het ook die Wet van Moses onderhou waar dit hulle gepas het. Die voorwaarde tot toegang tot die koninkryk van die hemele is onlosmaaklik gekoppel aan die Wet en die profete, en aan geen Talmud of gebooi van mense van watter aard ook al, nie!

Die uitspraak hierbo is dat jy tot 'n groter mate as die Skrifgeleerdes en die Fariseërs wetties moet wees in jou alledaagse lewe sowel as in jou prediking en dat jy hoegenaamd niks aan die Wet mag verander en dit as alternatiewe wet mag voorhou nie. Die vervulde Wet van JaHHoWShuAh is dit wat ons as hedendaagse volgelinge van Hom moet ondersoek en aan moet voldoen.

Met die stigting van God se huis word dus bedoel dat ons die koninkryk en die geregtigheid van die hemele sal soek en ons nie daarin aan sekulêre insettinge sal onderwerp nie. Die geregtigheid/wetsonderhouding van die koninkryk van die hemele sal beslis nie 'n demokrasie wees nie. Dit sal 'n Teokrasie wees, 'n Regeerstelsel waardeur JaHHoWShuAh sal regeer:-

### **Luk 22:29-30**

29 En Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos my Vader dit vir My beskik het,

30 sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel.

Laat ons ons daarom beywer om te handel volgens die opdrag wat Ahía gespreek het tot Jerobeam:

### **1Kon. 11:38**

En as jy luister na alles wat Ek jou beveel en wandel in my weë en doen wat reg is in my oë deur my insettinge en my gebooi te hou, soos my kneg Dawid

gedoen het, dan sal Ek met jou wees en vir jou 'n bestendige huis stig, soos Ek vir Dawid gestig het, en Israel aan jou gee.

Die outentieke Gelofte van Bloedrivier toon dat ons volksvaders onderneem het om vir Hom 'n Huis te stig. 'n Huis wat hulself wil regeer dien ooreenkomstig Sy wette; 'n Huis wat vir Hom 'n volk wil wees.

*“Maar soos dese van den Almagtige is, soo het syne wyse wil en **welbehaagen** is soo sullen wy daar **tot een volk worden en ter syner ere leven.**”* [eie aksent]

**Heb.3:5** En Moses was wel getrou in sy hele huis as 'n dienaar, om te getuig van wat nog gespreek sou word,

:6 maar Christus as Seun oor sy huis. En ons is sy huis as ons net die vrymoedigheid en die roem van die hoop tot die einde toe onwrikbaar vashou.

**1Pet.2:5** en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus.

**1Pet.2:9** Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,

---

<sup>1</sup> Bl.27. Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849, deur Dr. H.S. Pretorius, D.W. Kruger en Dr. C Beyers, Staatsargief Pretoria, 1937.

Samevatting:

Wees daarom 'n heilige volk, 'n rein volk, 'n afgesonderde volk, die volk wat soos volg beskryf is in die woorde van Bileam, wat eintlik 'n profesie was:

**Num 23:9** Want van die top van die rotse af sien ek hom, en van die heuwels af aanskou ek hom. Kyk, 'n volk wat afgesonderd woon en hom nie tot die nasies reken nie.

Vrede